

# Verloor patroon in aller haas

**"Het die verwer die patroon by hierdie sebra se agterkant verloor, of het die sebra besluit om te hardloop terwyl die verf nog nat was," wonder Leon Venter. Hy vertel sy seun, Lloyd, het November en Desember vanuit Frankryk kom kuier en hulle het by die Mokala- Nasionale Park besoek afgelê. By die voëluitkykpunt het diere soos elande, tsessebes en sebras kom water drink, en dié Burchell se sebra met die opvallend anders strepe aan sy flank was onder die diere. Burchell se sebra het strepe aan die kop, nek en flanke, terwyl die strepe laer af aan die bene al hoe ligter raak en selfs verdwyn.** FOTO: LEON VENTER

## Editorial

# Basic principle vital to getting on bus

**Dear Premier,**

Thank you for talking to the people of the Northern Cape on Thursday, 2 March, in your state of the province address delivered in Calvinia, a town nestled between the Hantam Mountains and the Oorlogskloof River.

C. Louis Leipoldt (1880-1947), a medical doctor, reporter, dramatist and food expert, wrote lovely poems on this area.

Since you also spoke Afrikaans on Thursday, as you usually do, it is fitting to share one of his well-known stanzas:

" 'n Handvol gruis uit die Hantam / My liewe, lekker Hantam-wyk! / 'n Handvol gruis en gedroogde blare, / Waboom-blare, ghnarrabos-blare! / Arm was ek gister, en nou is ek ryk."

Thanks to the rich sonance of the "g", one can actually feel and hear the "handvol gruis". Lovely!

Before getting to the purpose of the letter, please allow me to remark that it is adorable that you always have special local guests at such occassions, whom you welcome by the name; and that you smile and shake hands with as many guests as possible.

Premier, synonymn to you and your goals as leader of the Northern Cape is the phrase "modern, growing and successful province". To achieve that, one basic principle seriously needs attention: It seems that many MECs and senior departemental staff do not know how to read a watch in order to be on time.

Many moons ago, the South African Defence Force used the expression, "hurry up and wait".

Unfortunately, it is true that one has to hurry up quite often for government events, just to wait for more than an hour, even. (With this, keep the saying, "time is money" in mind).

If the principle of being on time can be followed, it will have a positive ripple effect: learners will be on time for school, scheduled tasks will be completed in time… the list goes on.

In not doing that, one can actually miss the bus – in more than one sense of the word.

**Sincerely yours,**
**A Northern Cape resident**

## Little gem

### proxemics

noun (used with a singular verb)

**the study of how people experience and use the space around them; how the distance between people affects their behaviour, communication and social interaction.**

■ Afrikaans: proksemika. – **Bron: Pharos Woordeboeke**

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as 'n e-publikasie by streeksnuus. netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

## Twyfelhoekie

# Dít moet geen mens ooit doen nie

HANNES NOËTH

**Daar is twee dinge wat 'n mens nooit moet doen nie.**

Dit raak twee groepe mense: kinders en bejaardes.

'n Mens moenie aan hulle vals beloftes maak nie.

Dit is 'n nee, nee!

Dit is nie regverdig nie, en dit is nie regverdigbaar nie.

Jare gelede het ek iemand begrawe.

Dood is altyd seer en swaar, en word moeilik verwerk.

Die selfverwyt wat ek agterna by haar kinders moes hanteer, was baie moeiliker as die seer van haar dood.

Hulle was verkeerd. Hulle het dit geweet.

Toe hulle niks meer daaraan kon verander nie, het dit hulle klaar gemaak.

Ek onthou haar nog daar op Naboomspruit se tehuis se stoep.

Sy wag vir hulle. Hulle het gesê hulle kom.

Hulle sou Saterdag.

Die hele maand se Saterdae het verbygegaan.

Hulle het nie gekom nie. Ook nie die volgende maand nie.

Haar liefde vir hulle was groter. Haar antwoord was sag en mooi. Hulle sal nog. Dalk is hulle besig.

Nee, hulle sou nie vergeet nie.

Ja, hulle het gesê Saterdag.

Volgende Saterdag.

Ek het maar in die gewoonte gekom om Saterdae by haar om te ry.

Omdat ek geweet het sy wag.

Ek het geweet hulle gaan nie kom nie. Hulle het ook nie.

Ag, ek weet mos die dinge met die kinders en die sport en die geld en die tyd en die reëlings en die weer en die dit en die dat.

Ek weet, ja.

Maar ek weet ook 'n mens moenie vir 'n oumens en 'n kind jok nie.

CENTRAAL24

NOORDKAAP BULLETIN

**REDAKTEUR / EDITOR**
Helena Barnard helena.barnard@media24.com
**MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER**
Charné Kemp charne.kemp.writer@gmail.com
**ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS**
Natasha Ingram natasha.ingram@media24.com 082 567 3883

**BETREKKINGS / VACANCIES**
Noleen Petersen noleen.petersen@media24.com 051 404 7813
**REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES**
noordkaapbulletinlegals@media24.com 051 404 7600
**GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS**
noordkaapbulletinadverts@media24.com 051 404 7600

**OMBUDSMAN**
Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com. Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).



**PERSRAAD**
Ons onderskryf die Etiese Kode van die Suid-Afrikaanse Druk- en Aanlynmedia, wat ons verbind om joernalistiek te beoefen wat gegrond is op die waarheid, wat akkuraat, regverdig, gebalanseerd is, en onafhanklik ingesamel is.

## Potpourri

# Lig mekaar hoër

KARIN MULLER

**Kort ná die draai van die millennium het ek werk by 'n uitsonderlik moeilike werkgewer gekry.**

Geen administratiewe klerk kon dit daar uithou nie. Die een ná die ander het gekom en gegaan. Ons was feitlik maandeliks op soek na 'n nuwe kollega.

Een Saterdagoggend op 'n skoolgeselligheid het 'n vriendin my vertel dat haar suster die vorige week verhuis het. Waar hulle voorheen 'n paar honderd kilometer van mekaar af gebly het, woon sy toe net om die draai.

Omdat my vriendin 'n dierbare mens met 'n sprankelende geaardheid is, het ek my ore gespits toe sy vertel dat haar suster na 'n administratiewe pos op soek is.

Ek het dadelik gebieg dat daar 'n pos beskikbaar is by die firma waar ek werk.

Sy het my eers geskok aangekyk. Toe het sy uitgebars van die lag.

"Karin, jy kan nie daardie pos vir iemand aanbied van wie jy hou nie. Jy moet dit vir iemand aanbied van wie jy nie hou nie."

Ons het albei gelag.

"Wie sou daardie persoon nogal wees?" het ek hardop gewonder.

As jy vir iemand omgee of waarde aan daardie persoon heg, wil jy nie graag daardie mens in dieselfde moeilike omstandighede as jyself dompel nie. Jy sal hulle graag in beter omstandighede wil sien.

Dit is ongelukkig nie alle mense se redenasie nie.

Mag mense mekaar hoër lig om in beter posisies te wees.

Daardeur gaan ons die wêreld 'n beter plek maak.

## Kameeldoring

# Besoek veel werd

GERDA-MARIÉ VAN ROOYEN

**Die Rooyspan is boekwurms, en die grotes is net te dankbaar die kinders stry oor elke nuwe boekrak wat deur die pastorievoordeur ingedra word.**

Besoeke aan die plaaslike biblioteek gebeur tweeweekliks.

Ongelukkig het nie een Rooyetjie al die kuns of etiket van 'n "inside voice" in die biblioteek bemeester nie.

Nietemin is hul geesdrif om daar te wees darem 'n riem onder die hart.

Sussie is nie kieskeurig oor die boeke wat vir haar uitgeneem word nie.

Sy verlekker haar net in die ruimte, die rakke en rakke vol boeke, en die pamflette wat beskikbaar is.

Boetman wil gewoonlik seker maak dat 'n Tintin- en 'n Asterix-boek uitgeneem word.

Die kakofonie van kinders beweeg na die toonbank.

Oudste vra dat sy boeke eerste gestempel word.

Hy vra vir die tannie agter die toonbank of sy alleen voel in die biblioteek.

Voordat die tannie kan antwoord, trap Sussie op die sanitasiestasie se pedaal en die vloeistof mis haar oë net-net.

Tuis begin Sussie haar ma se ingesteekte hemp uittorring en oplig terwyl sy met die ander hand 'n pamflet vashou.

Mamma sien hoe hard Sussie konsentreer en merk toe op dit is 'n Kansa-pamflet met illustrasies oor gereelde borsondersoeke.

Half-skaam en swyend is Mamma trots op haar Jongste wat minstens iets geleer het uit die uitstappie, en dat die voorkoming van borskanker deur gereelde selfondersoeke selfs vir 'n vierjarige verstaanbaar is.